# SONDAGSKOOL LES - Kerk

**Doel van les:**

- Om kinders beter te laat verstaan wat die missie en doel van die kerk is en ook vir hulle om te verstaan dat hulle 'n plek en rol in die kerk het.

**Ysbreker:**

- **Dinkskrum:** Gee vir elke groep prentjies of voorwerpe wat kerk voorstel. Hulle moet die items neem en verduidelik wat hulle dink dit in terme van die rol van kerk kan wees.

Kry terugvoering

Daar is baie rolle wat ons as kerk moet speel in die wêreld. Julle gaan nou rustig in jul groepe kerk ontdek en wat die eintlike rol van ons as kerk is.

**Maak dit geestelik:**

Vat nou weer die lys/prentjies en lees die skrif wat die eienskap van kerk wees beskryf.

- **Familie** – Galasiërs 6:10
  Behandel jy mense wat saam met jou kerk bywoon as deel van dieselfde familie, as 'n uitgebreide huisgesin? Hoe kan jy dit doen?
- **Huis** – 1 Korinthiërs 6:19
  Besef jy dat kerk net 'n gebou is , maar dat die wat in hom vergader die kerk is?
- **Vissermanne** – Mattheus 4:19
  Ons taak is om na buite te gaan as kerk en siele vir God te wen. Hoe kan ons dit doen?
- **Kudde skape** – Johannes 10:11-15
  Jesus is ons Herder en ons is Sy skape. Hy pas ons op soos 'n skaapwagter.
- **Liggaam van Christus** – 1 Korinthiërs 12:12,14
  Sien jy jouself as 'n deel van een liggaam wat vir God moet werk met die talente en gawes wat God jou gee?
- **Bruid van Christus** – Openbaring 19:7-8
  Laat jy toe dat Jesus jou liefhet en is jy lief vir Hom?
- **Sout** – Mattheus 5:13
  Gee die kerk smaak aan die wêreld buite en laat kerk mense proe hoe Christus is?
- **Weermag** – Efesiërs 6:10-17
  Sien die lede van jou kerk hulself as deel van 'n weermag wat moet veg teen die Satan en sy bose planne?
- **Lig** – Mattheus 5:14
  Bring die kerk lig in hierdie donker wêreld en skyn hulle vir Christus in alle dinge?

Kry terugvoer.

**Maak dit persoonlik**

1. **Wat is een van die eienskappe wat jy sou wou ontwikkel in die kerk?**
2. **Hoe kan jy begin om hierdie eienskap dadelik te ontwikkel?**

Sluit af in groepe met gebed.